

Afrikaans Huistaal

Graad 10

Taalstrukture en –konvensies: Hersiening

6 – 10 Julie 2020

OPDRAG: Lees die onderstraande tekste en beantwoord die vrae wat elkeen volg.

TEKS 1 Koerantberig

Kakkerlakmelk in jou koffie?

Carien Grobler – Netwerk24, 27 Julie 2016

1. Internasionale navorsers het 'n nuwe supervoedsel ontdek wat glo baie gesond en voedsaam is. Kakkerlakmelk is baie ryk aan voedingstowwe en hoog in kalorieë, sê wetenskaplikes van verskeie lande wat reeds hierdie verskynsel nagevors het.
2. Volgens 'n studie wat deur die Internasionale Unie vir Kristallografie gepubliseer is, is kakkerlakmelk ryk aan proteiene, suiker en vet. Dit bevat meer as drie keer soveel energie as buffelmelk. Buffelmelk is bekend om sy ryk voedingswaarde.
3. Moet egter nie bekommerd wees nie. Jy sal nie in die afsienbare toekoms kakkerlakmelk langs die beesmelk in jou supermark sien nie. Heelwat navorsing is nog nodig om te bepaal of dit geskik is vir menslike gebruik. En selfs al word kakkerlakmelk eendag kommersieel geproduseer, sal dit waarskynlik nie van die kakkerlak self kom nie, maar biotegnies vervaardig word.

1. Herskryf die opskrif van hierdie berig as 'n goeie volsin. (1)
2. Wat is die betekenisfunksie van die voorvoegsel in **internasionale**? (1)
3. Watter woord in sin 1 dui aan dat die skrywer nie oortuig is van die feite-inhoud van hierdie teks nie? (1)
4. Reduseer die eerste sin van die berig tot 'n enkelvoudige sin. (1)
5. Lewer kommentaar op die woordsoortelike funksie van die werkwoord **is** in die eerste sin van paragraaf 2. (2)
6. Kombineer die ondertreeppte sinne in paragraaf 2 tot 'n saamgestelde sin. Gebruik 'n betreklike voornaamwoord in jou antwoord en ondertreep die voornaamwoord wat jy gebruik. (1)
7. Korrigeer die spelfout wat in paragraaf 2 ten opsigte van 'n deelteken begaan is. Verduidelik ook waarom die deelteken nodig is. (2)
8. Verander die bevelsin waarmee paragraaf 3 begin na 'n versoeksin. (1)

9. Gebruik die volgende sin uit paragraaf 3: *Jy sal nie in die afsienbare toekoms kakkerlakmelk langs die beesmelk in jou supermark sien nie.*

9.1 Skryf die voorwerp van hierdie sin neer. (1)

9.2 Skryf 'n bywoordelike frase van tyd neer. (1)

9.3 Benoem die frase wat onderstreep is. (1)

TEKS 2: SPOTPRENT



10. Watter hulpwerkwoord wat in die teks gebruik word, dui **moontlikheid** aan? (1)

11. Die woord **melk** word 2 keer in die spotprent gebruik, maar as twee verskillende woordsoorte. Verduidelik. (2)

12. Verduidelik die gebruik van die leestekens in sin 2. (2)

13. Met watter woord(e) sou jy die voornaamwoord **jy** in sin 2 kon vervang sonder om die betekenis te verander? (1)

14. Sin 2 is in die bedrywende vorm geskryf. Skryf dit oor in die lydende vorm. (1)

15. Skryf die koei in sin 2 se vraag in die INDIREKTE rede. Begin so: *Die koei vra ...* (1)

16. Voltooi: *Fyntjies is in hierdie teks 'n bywoord van ...* (1)

17. Wat beteken die voorvoegsel **super** in supervoedsel? (1)
18. Skryf twee woorde uit sin 1 neer wat tydens normale uitspraak gewoonlik geassimileer word. (1)

TEKS 3: ADVERTENSIE



AFRIKAANS. Trippel op ál meer tonge!

Al geluister hoe die tonge deesdae klap in Afrikaans?
 Ál meer monde proe hom, praat hom. Ja, hy laat die tonge dans!
 Dis oor hy so lekker sê. Nes die lippe dit wil hê. Aldag, ál meer spesiaal.

Hiert, jou Lostong reënboogtaal!

Kliek op www.atkv.org.za of skakel (011) 886-4888

ATKV
 Ons gee kultuur vrye teuels

Bron: www.atkv.org.za

19. Lees die inhoud van die kopieteks en verduidelik in jou eie woorde wat die opskrif van hierdie advertensie beteken. (1)
20. Deur verskillende voor- en agtervoegsels te gebruik, kan ons verskillende betekenisse aan 'n woord gebruik. Versterk jou antwoord verder deur ten minste een van jou voorbeelde in 'n sin te gebruik. (2)
21. Word die woord **tong** in hierdie advertensie konnotatief of denotatief gebruik? Verduidelik jou keuse. (2)
22. Waarvoor staan die afkorting **www**? (1)

EINDE VAN OPDRAG
